

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 53: *Ha'azinu* – Luister!

“Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.
Deut.32:1 – PWL¹

Torah: Deut. 32:1 tot 52.

Haftorah: 2 Samuel 22:1 tot 51

Nuwe Verbond: Open. 15:3; Efes. 5:26; Titus 3:5; Hebr. 10:22; 1 Kor. 10:4; 1 Pet. 2:6; Joh. 20:26 tot 21:25.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 53 wat afgelaai kan word by: [Parashah53Notas14](#) en [Parashah53Notas15](#) en [Parashah53notas16](#).

As long as we expect God to do for us what we ask or think, we limit Him! When we believe that as high as the heavens are above the earth, His thoughts are above our thoughts, and wait on Him as God to do unto us according to His word, as He means it, we shall be prepared to live the truly supernatural, heavenly life the Holy Spirit can work in us – Andrew Murray.

If you are on the wrong train, it does not help running in the opposite direction – Anonymous.

It is better to walk alone, than with a crowd going in the wrong direction! The Closer we get to YHVH the more Narrow The Path... The Fewer the Companions... Till We Stand Alone

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

with Him... Our Elohim! Weigh the Cost - Pay the Price - Be Set-Apart!! – Gerald W Thomas.

If your faith can't be tested, it can't be trusted – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

In onlangse Torahskriflesings het Moses telkens vir Israel aangemoedig om die regte keuses te maak, naamlik om lewe te kies – die YHVH-tipe lewe van gehoorsaamheid aan Sy Torah!

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag.
Deut. 30:19.

Elke mens het steeds die keuse tussen lewe en dood. Yeshua, Die Gesalfde van YHVH-God, is die weg na die waarheid wat ware lewe – die ewige lewe – gee (Joh. 14:6)!

Wie ook al in die Seun vertrou, het die ewige lewe en wie ook al die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die woede van God sal teen hom staan.” Joh. 3:36.

Maar selfs nadat ons deur vertrou in Yeshua ware lewe gekies het, moet ons steeds elke dag die keuse maak tussen lewe en dood, naamlik tussen gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, en in die nuwe verbond uiteengesit word, of gehoorsaamheid aan eie wil! Dit is om te kies tussen die seëninge en die vloeke!

Ons keuses en optrede moet daarom te alle tye sodanig wees dat ons voortdurend met vrymoedigheid in ons Vader se Teenwoordigheid kan staan en ook staande sal bly in hierdie laaste dae, want soos Paulus dit in sy brief aan die Korinthiërs stel: *want die einde van die wêreld het by ons aangekom* (1 Kor. 10:11)! Derhalwe moet ons opnuut luister na Paulus se waarskuwing:

Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1 Kor. 10:12.

Daarom is die openingvers (Deut. 29:9) van verlede week se Torahskriflesing (*Nitzavim*) ook soos volg op ons van toepassing gemaak:

Onderhou (*sh'mar* – luister met die doel om daarvolgens te reageer) **dan die woorde** (*dabar* – Yeshua is die Woord) **van hierdie verbond** (van die Torah van die nuwe verbond) **en volbring dit** (*asah* – handel nougeset daarvolgens), **sodat julle voorspoedig** (*sakal* – met wysheid en insig) **kan uitvoer alles wat julle doen.**

Net so moet ons wat Yeshua as Messias bely ook luister na die woorde van die nuwe verbond en moet ons nougeset daarvolgens handel, sodat ons voorspoedig kan wees in alles wat ons doen, want die einde van die eeue het by ons aangekom!

Daarom is dit gepas dat hierdie voorlaaste Torahskriflesing, *Ha'azinu*, begin met die woorde:

Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor. Deut. 32:1

Die King James vertaling van hierdie vers lees: *Give ear, O ye heavens, and I will speak; and hear, O earth, the words of my mouth.*

Luister jy en ek na die woorde van die nuwe verbond? Maar nog meer belangrik! Luister ons na die woorde van die nuwe verbond met die doel om nougeset daarvolgens te lewe, of het die woorde van die Torah van Moses van die ou verbond ons fokus geraak sedert ons ons Hebreeuse wortels ontdek het? En ewe belangrik is die vraag: Verstaan ons die doel en die betekenis van die nuwe verbond en lewe ons in die lig daarvan?

Lewe jy en ek as vrygemaak van die sonde en diensbaar aan God, of lewe ons nog as slawe van die sonde (Rom. 6:17 en 18)? Paulus skryf in 2 Kor. 3:17 dat waar die Gees van YHVH is, daar is vryheid! In sy brief aan die Galasiërs herinner Paulus hulle om vas te staan in hierdie vryheid en nie weer in die juk van slawerny gejuk te word nie!

Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie. Gal. 5:1.

Dit het Paulus gesê na aanleiding van valse broers wat in die gemeente ingesluit het om hulle weer onder die juk van slawerny te bring!

³Titos, wat by my was en 'n Arameër is, is nie gedwing om besny te word nie, ⁴ten spyte van valse broers, wat ingesluit het om op ons vryheid te spioeneer wat ons in Die Gesalfde Een, Yeshua, het sodat hulle ons slawe kon maak; ⁵teenoor wie ons egter nie 'n oomblik in ondergeskiktheid toegee het nie sodat die waarheid van die goeie boodskap by julle kon voortgaan. Gal. 2:3 tot 5.

In Gal. 5:13 skryf Paulus dat ons tot vryheid geroep is, maar dat ons nie hierdie vryheid moet misbruik tot bevrediging van die vlees nie! In Yeshua vind ons die volmaakte wet van vryheid (Jak. 1:25). Wat is hierdie vryheid waarmee Yeshua ons vrygemaak het?

Ek nooi elkeen om weer opnuut te besin oor hierdie vrae, asook om weer opnuut die Skrifte van die nuwe verbond te bestudeer, veral ten opsigte van YHVH se onverdiende guns en die doel en die betekenis van die nuwe verbond! Hierdie is belangrike geestelike waarhede wat deur die Messiaanse Beweging afgeskeep word!

Ons moet onthou dat die Skrifte van die nuwe verbond is die volle openbaring van die ware lewe wat YHVH, ons God en Vader, deur Sy onverdiende guns in Yeshua aan ons skenk. En ewe belangrik is om te onthou dat Yeshua die einddoel van die Torah van Moses is (Rom. 10:4).

Die Torah van Moses leer ons wat sonde is (Rom. 7:7) en dit leer ons dat ons die onverdiende guns van vergifnis nodig het! Daarom is die Torah van Moses 'n heenwysing na Yeshua!

Bepeins of Bespreek

1. Om die woorde van Paulus te gebruik, vra ek die vraag: Is Rabbynse Judaïsme die vals broers wat ingesluit het om op ons vryheid in Yeshua te spioeneer sodat hulle ons slawe kan maak?

'n Profetiese Lied

Maar terug by ons Torahskriflesing!

Hierdie laaste woorde van Moses is in die vorm van 'n profetiese lied (*shiyrah*). In ons vorige Torahskriflesing (*Va'yelech*) het ons geleer dat hierdie die laaste opdrag aan Moses was en dat hierdie lied aan die kinders van Israel geleer moes word (Deut. 31:19 tot 22). In die dae

van weleer was dit dikwels die gebruik om gebeure wat van gemeenskaplike belang en besorgdheid was in die vorm van 'n lied te komponeer om as herinnering (getuie) op die lippe van die nageslag te dien.

Daarom is dit gebruik dat Joodse kinders *ha'azinu* (die lied van Moses) memoriseer met die doel om die lesse van hul voorgeslagte, veral die nutteloosheid van rebellie teen YHVH, by hulle in te skerp.

Vergelyk dit met wat Paulus aan die Kolossense geskryf het (Kol. 3:16 en 17).

16.....leer en onderrig mekaar in die Psalms (gedigte met instrumentale musiek), in lofsange en in liedere van die Gees en sing in julle verstand, wil en emosie met dankbaarheid tot God.

17Alles wat julle doen in woord of in daad, doen dit in die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een en gee dank aan God-die-Vader deur Hom

Die lied van Moses en die lied van die Lam, sal in die einde van dae gesing word (Open. 15:3 en 4).

3en hulle het die lied van Moshe, die dienskneg van God en die lied van die Lam gesing en gesê: "Groot en wonderlik is U dade, יהוה-God-Almagtig, wat alles vashou, onskuldig en waar is U dade, Koning van die wêreld! 4Wie sal U nie respekvol vrees nie יהוה en U Karakter en Outoriteit nie eer en loof nie, want U alleen is Afgesonderd; daarom sal al die nasies kom en voor U aanbid omdat U Waarheid is."

Maar tot dan het ons as gelowiges in Yeshua ook 'n nuwe lied om te sing, want ons het 'n nuwe verbond wat beter as die ou verbond is, want dit is op beter beloftes gegrond! Met wedergeboorte het ons ook soos Dawid rede om 'n nuwe lied te sing.

1Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek. Ek het geduldig op יהוה gewag en Hy het Hom na my toe gedraai en my smeekgebed gehoor. 2Hy het my uit die verskriklike put opgetrek, uit die slik van vernietiging en my voete op 'n rots gesit en my rigting bepaal. 3Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op יהוה vertrou. 4Geseënd is die man wie se vertrouwe in יהוה is en hom nie draai na trotsheid en leuengesprekke nie. 5Baie wonderwerkende dade het U vir ons gedoen, יהוה, my God en vir ons omgegee; ek het verklaar dat daar te veel is om te tel. Daar is niemand soos U nie. Ps. 40:3 tot 5.

Moses sluit hierdie profetiese lied af met die woorde wat ook aan elkeen van ons gerig is, naamlik:

46"Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet, 47want dit is nie 'n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit. Deut. 32:46 en 47.

Ons word ook gewaarsku om ag te gee op die woorde van die nuwe verbond en om dit vir ons nageslag ook te leer om dit nougeset na te kom. Hierdie is nie leë (ydele) Woorde van YHVH nie, want elkeen wat dit nougeset gehoorsaam sal in Yeshua 'n lang en geseënde lewe hê!

Laat ons met ywer en toewyding volgens YHVH se Torah, soos dit in Yeshua vervul is en deur die Afgesonderde Gees in die nuwe verbond openbaar gemaak is, lewe sodat ons ook eendag met vrymoedigheid in YHVH Yeshua se Teenwoordigheid sal staan en die lied van Moses en die lied van die Lam sing!

Bepeins of Bespreek

1. Is die volgende stelling waar? Die Messiaanse Beweging se fokus is meer op die Torah van Moses as op YHVH se onverdiende guns soos dit in Yeshua deur die nuwe verbond openbaar word! Is dit nie om die kar voor die perde in te span nie? Is hierdie klem verskuiwing die rede dat die betekenis van onverdiende guns en die doel van die nuwe verbond meesal op die agtergrond geskuif word en selfs vergeet word? Onthou: Rabbynse Judaïsme verstaan nie die ware betekenis van die onverdiende guns van YHVH deur vertrouwe in Yeshua nie, want hulle verwerp Yeshua!

Bakoor te maak vir die Nuwe Verbond

Ha'azinu (אזינו) se grondwoord is *azan* (אזן) en beteken om bakoor te maak, naamlik om jou oor te 'vergroot' deur bakhand agter jou oor te maak sodat jy beter kan hoor. Dit beteken om jou oor te "gee" om te luister met die doel om dit wat jy hoor te doen. Soos al voorheen bespreek is, is *luister* in Hebreeus *sh'ma* en is dit om met toegewyde aandag te hoor wat gesê word met die doel om te verstaan sodat dit gedoen sal word. In hierdie verband beteken dit om jou geestelike ore oop te maak – om ontvanklik te wees vir die Woorde van YHVH en om 'n leerbare gees te hê.

Dit word vir ons beskryf in die volgende woorde van die lied van Moses:

2Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie, 3want ek verkondig die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה; reken grootheid toe aan ons God! 4Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Oprek is Hy. Deut. 32:2 tot 4.

YHVH se Woord – Sy Torah – is soos reën en ons is soos die jong gras en kruie. Soos die reën uit die hemel neerdaal, so het YHVH Sy vleesgeworde Woord, Yeshua Die Gesalfde Een, gestuur om ons te "deurvogtig" sodat ons geestelik tot volwassenheid kan groei en vrug kan dra wat die saad is wat in ander se lewens gesaai kan word. Jesaja skilder ook vir ons die volgende prentjie van hierdie waarheid:

10want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiers en brood aan die eter, nie, 11so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie. Jes. 55:10 en 11.

Indien ons ontvanklik is vir YHVH se Torah – dit hoor, bewaar en doen – sal YHVH se woorde nie leeg na Hom terugkeer nie, maar dit sal in ons elkeen se lewe dit tot stand bring waarvoor Vader dit gestuur het!

Tweedens verwys Deut. 32:4 na Yeshua as die Rots en as Die Een wie se werke volmaak is! Toe Yeshua aan die folterpaal gesterf het, het Hy die daade (die werke) wat YHVH Hom gegee het, voltooi en die volmaakte verlossing bewerkstellig vir elkeen wat in Hom vertrou as die Lam van God – die eenmalige offer. Daarom het Yeshua in Sy gebed die volgende gebid:

4Ek het U vereer en geloof op die aarde. Die daade wat U My gegee het om te doen, het Ek voltooi. 5Nou, Vader, wees tevrede met My in eenheid met Uself met die goedkeuring wat Ek by U gehad het voordat die heelal was. Joh. 17:4 en 5.

En daarom was Yeshua se laaste woorde aan die folterpaal: *Dit is afgehandel!* (Joh. 19:30). Hiermee was Israel se sondeskuld betaal.

- Eerstens vir die aanbidding van die goue kalf toe die bloedverbond, bekend as die boek van die verbond (Ex. 19:5 tot 24:11) verbreek was. Soos in vorige Torahskriflesings bespreek is, was hierdie bloedverbond gekoppel aan die bloedverbond met Abraham (Genesis 15) en daarom het Israel as nageslag met die aanbidding van die goue kalf ook hierdie verbond verbreek. Die verbreking van 'n bloedverbond vereis dat die skuldige party moet sterf. Daarom wou YHVH vir Israel uitwis (Ex. 32:10), maar Moses, as sinnebeeld van Yeshua, het om onverdiende guns gesmeek en God het van gedagte verander (Ex. 32:14). Yeshua het in die plek van Israel vir die verbreking van die bloedverbond gesterf.
- Tweedens was Israel se sondeskuld betaal vir die voortdurende oortreding van die Torah van Moses, ook bekend as die boek van die wet of die wetboek (Deut. 31:26; 2 Kon. 22:8; Neh. 8:2; Gal. 3:10) en wat as tugmeester gedien het tot Yeshua aan die folterpaal sou sterf (Gal. 3:24 en 25).

YHVH het met Yeshua se folterdood as eenmalige offer en met Sy opstanding uit die dood, 'n nuwe bloedverbond met Israel gesluit en met Yeshua as die Middelaar.

'n Beter Verbond!

Die Skrifte gee duidelike uitspraak aangaande die feit dat die nuwe verbond 'n beter verbond as die ou verbond is, want dit het beter beloftes. Yeshua is die waarborg van hierdie beter verbond en beter beloftes (Heb. 7:22). Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verduidelik dit verder soos volg:

*6*maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is, *7*want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie, *8*want Hy vind fout met hulle en het gesê: "Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, *9*nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. *10*"Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees *11*en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: 'Ken יהוה' nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste. *12*Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie." *13*Deurdadig Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging. Heb. 8:6 tot 13.

Ten einde te verstaan waarom die nuwe verbond 'n beter verbond is, is dit nodig dat die tekortkominge van die ou verbond, spesifiek die Torah van Moses (die wet van Moses), verstaan moet word.

Een van die mees belangrikste tekortkominge van die ou verbond kan soos volg verduidelik word: Hoewel die Torah van Moses asook die opdragte (gebooie; *mitzvot*) afgesonderd, regverdig en goed is (Rom. 7:12; 1 Tim. 1:8), was die wet opsigself swak weens die sieklikheid van die vlees van die mens (Rom. 8:3). Gevolglik, weens die swakheid van die vlees, kan geen mens die Torah van Moses ten volle gehoorsaam nie!!

Die probleem was dus nie die Torah van Moses nie, maar wel die mens se vleeslike swakheid tot sonde geneigdheid.

Daarom kan geen mens op grond van wetsonderhouding deur YHWH vrygespreek word nie, want as die mens in een opsig nie aan die Torah van Moses voldoen nie, staan hy skuldig aan die hele wet!

Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind. Jak. 2:10.

Die Torah van Moses (die ou verbond) kon dus nie volmaaktheid bewerkstellig nie (Heb 7:19), want die wet het die gelowige voortdurend aangekla en skuldig bevind! Dit is een van die belangrikste tekortkominge van die Torah van Moses van die ou verbond.

Aansluitend hierby, en 'n verdere tekortkoming van die Torah van Moses, was dat dit slegs die sondeskuld kon bedek.

1want die geskrewe wet was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie, 2want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie, 3maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes, 4want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie. Heb. 10:1 tot 4.

Die Torah van Moses kon dus nie die sondes wegneem nie en kon nie die gewete reinig nie! Dit het as 'n voortdurende herinnering van die sondes van Israel gedien!

Weens hierdie tekortkoming het die Torah van Moses 'n vloek vir die mens geword. Maar let wel! Dit is nie die Torah van Moses wat 'n vloek is nie! Nee, dit is die mens se onvermoë om in alle opsigte aan die wet gehoorsaam te wees, en derhalwe voortdurend aangekla en skuldig bevind word aan die oortreding van die Torah van Moses, wat 'n skuldias en dus vloek geword het.

Aansluitend hierby weet ons dat die eindproduk van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Die Torah van Moses was dus 'n voortdurende herinnering dat die mens die dood verdien!

Onder die ou verbond was die Torah van Moses die outoriteit oor die mens gewees (Rom. 7:1). Daarom is elkeen wat onder die Torah van Moses dien, 'n slaaf van die wet!

Die tekortkominge van die Torah van Moses kan dus soos volg opgesom word:

- Weens die swakheid van die vlees, kan geen mens die Torah van Moses ten volle gehoorsaam nie!!
- Gevolglik kan geen mens deur die Torah van Moses vrygespreek – regverdig verklaar – word nie, want as jy een gebod oortree is jy skuldig aan die hele wet!
- Die Torah van Moses kan slegs die sondeskuld bedek en kan dus nie die sondes wegneem nie en kan nie die gewete reinig nie!
- Die Torah van Moses kon dus nie volmaaktheid bewerkstellig nie.
- Die Torah van Moses was dus 'n voortdurende herinnering dat die mens die dood verdien!

- Die gevolg hiervan is dat die Torah van Moses die outoriteit oor die mens het.
- Weens hierdie tekortkoming het die Torah van Moses 'n vloek vir die mens geword.

Maar die Goeie Nuus, Die Blye Boodskap, is dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die oplossing is vir al die tekortkominge van die Torah van Moses!

Paulus verduidelik dit in Rom. 7:1 tot 4 aan die hand van 'n getroude vrou wat deur die wet aan die lewende man gebonde is. Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word. Maar as die man sterwe, is sy vry van die wet van die man, want haar verbintenis met haar man is verbreek en daarom mag sy met 'n ander man trou sonder om 'n egbreekster genoem te word.

Wat Paulus met hierdie voorbeeld by ons tuisbring, is dat met Yeshua se folterdood is ons verbintenis met die Torah van Moses verbreek – daar het 'n skeiding plaasgevind soos wat gebeur in 'n huwelik wanneer die eggenoot sterwe. En nou, deur vertrou in Yeshua as die Messias, behoort ons wettig aan Hom! Ons probeer dus nie langer om lewe en vrede in die Torah van Moses te vind nie, maar wel in Yeshua as YHVH se bron van ware lewe, voorsiening en shalom, naamlik vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid.

Daarom skryf Paulus 'n baie belangrike waarheid aangaande die onverdiende guns van YHVH soos dit in Yeshua en deur die nuwe verbond openbaar gemaak word, naamlik:

4Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, 5want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, 6maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:4 tot 6.

Die Torah van Moses het nie meer die outoriteit oor ons lewe nie, want Yeshua het die outoriteit geword. Ons is deur vertrou in Yeshua nie meer slawe van die Torah van Moses nie, maar wel slawe van wat nuut is uit die Gees! Ons is bedienaars van die nuwe verbond, nie deur wat geskryf is in die Torah van Moses nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood. Maar die Gees gee lewe (2 Kor. 3:6).

Wat vir die Torah van Moses weens die swakheid van die vlees onmoontlik was, het deur vertrou in Yeshua moontlik geword.

Daarom kan Paulus in die lig van bogenoemde die volgende in Rom. 8:1 tot 4 skryf:

1Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, 2want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, 3want omdat die wet swak was, deur die sieklike van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel 4sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees.

Dit wat die Torah van Moses nie kon vermag nie, naamlik om geregtigheid deur die onderhouding van die wet te verkry, het YHVH bewerkstellig deur Sy Seun in die gelykheid van die mens se sondige vlees te stuur, om die sonde te veroordeel sodat die onpartydige

opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar wel deur die Afgesonderde Gees!

Deur die onverdiende guns van die Vader, soos dit aan ons wat vertrou in Yeshua geskenk word, kan ons dus saam met die skrywer van die brief aan die Hebreërs sê:

19Daar is dus vir ons vrymoedigheid broers, om in die Afgesonderde Plek in te gaan deur die bloed van Yeshua 20en deur die metode van Lewe, wat ons vernuwe het binne die skeidingsgordyn, wat Sy liggaam is 21en ons het 'n Groot nie-Levitiese Priester oor die huis van God. 22Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertrou terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van 'n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:19 tot 22.

Ja waarlik, die nuwe verbond is 'n beter verbond met beter beloftes en Yeshua is ons waarborg van die onverdiende guns van die Vader soos aan ons in die nuwe verbond geskenk is.

Opsomming: Volgens Gal. 3:10 tot 14 kan ons die tekortkominge (verse 10 tot 12) van die Torah van Moses en die beter beloftes (verse 13 en 14) van die nuwe verbond met die volgende woorde van Paulus opsom:

10 want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie." 11Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: "Die onskuldige sal deur vertrou leef," 12maar die geskrewe wet was nie vanuit vertrou nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daarin lewe." 13Die Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" 14sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Die Gesalfde Een, Yeshua en dat ons die belofte van die Gees deur vertrou mag ontvang.

Die belofte van die nuwe verbond (Heb. 8:10 tot 12) is dat YHVH Sy Torah in ons begrip sal gee en dit op ons verstand, wil en emosie sal skryf. Hy sal ons God wees en ons sal Sy volk wees en Hy onderneem om volgens Sy onverdiende guns in Yeshua ons te leer om in alles aan Hom gehoorsaam te wees deur die kragtige werking van die Afgesonderde Gees. Al wat Vader van ons vra is dat ons Hom sal vertrou dat Hy dit sal doen wat die Torah van Moses nie kon doen nie!

Bepeins of Bespreek

1. Wat was die doel van die Torah van Moses? Ons weet dit het gedien as 'n tugmeester tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25). Maar daar was ook baie ander belangrike doel wat selde raakgesien word, naamlik: Dit moes die verlange aanwakker na 'n Verlosser, want geen mens kon uit eie krag die Torah van Moses onderhou nie. Gevolglik het die mens met 'n voortdurende skuld- en gewetenslas gelewe!
2. Het Rabbynse Judaïsme al op die punt gekom dat hulle besef dat geen mens die Torah van Moses kan hou nie, soos wat die geskiedenis bevestig, en dat hulle daarom 'n Redder nodig het? Die antwoord is "Nee", want hulle wil weer 'n tempel bou en voortgaan met die Levitiese priesterorde en die offerandes. Dit is daarom dat Judaïsme voortdurend talle wette by die Torah van Moses voeg – alles 'n pogings om deur wetsonderhouding as geregverdig gereken te word. Dit is waarna Paulus in Rom. 10:1 tot 3 verwys, naamlik dat sy mede volksgenote nie YHVH se geregtigheid ken nie!

3. Ons word alleenlik deur vertrou in Yeshua gered en as die geregtigheid van YHVH gereken. Dit is alles YHVH se onverdiende guns! Maar hoe word die regte verhouding met die Vader gehandhaaf? Is dit deur gehoorsaamheid of ook deur onverdiende guns? Is dit 'n kombinasie van beide? Ons word nie deur die werke van die wet gered nie, en daarom moet ons vra of ons deur die werke van die wet geheilig (afgesonder) word? Onthou: Eie werke is om nie meer op YHVH se onverdiende guns te vertrou nie!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.